


# LITERÊRE KENMERKE EN ASPEKTE

*Samgestelde deur Peu Publishing*



# LETTERLIKE/DENOTATIEWE BETEKENIS

*Die direkte betekenis van woorde (woordeboekbetekenis).*

# FIGUURLIKE/KONNOTATIEWE BETEKENIS

*Woorde, frases of uitdrukkings wat figuurlik gebruik word om 'n sekere trefkrag/effek of konnotatiewe betekenis te hê, bv. idiome, vergelykings, personifikasie, ens.*

# ENJAMBEMENT

*Een versreël gaan oor in 'n ander sonder die gebruik van leestekens. Dit is hoofsaaklik om die tempo te versnel.*

# TEMA

*Die tema is die sentrale idee of hoofgedagte. Wat het die digter laat besluit om hierdie gedig te skryf?*

# BOODSKAP

*Die boodskap is gewoonlik die lewensles/lewenswaarheid wat 'n leser uit die gedig aflei.*

# BEELDSPRAAK

*Taalgebruik wat van figuurlike taal gebruik maak, nl. vergelykings, metafore en personifikasie.*

# VERGELYKING

*Om vas te stel op watter maniere iets dieselfde of verskillend is. Die woorde soos of net soos of nes dui gewoonlik op ’n vergelyking. Voorbeeld: Hy huil soos ’n baba.*

# METAFOOR

*Een saak word gelykgestel aan ’n ander saak sonder die gebruik van die woorde soos, net soos of nes. Voorbeeld: My meisie se soene is kondensmelk.*

# PERSONIFIKASIE

*Menslike eienskappe word aan lewelose dinge, diere of plante gegee. Voorbeeld: Die wind huil om die hoeke van die huis.*

# STYLFIGURE

*Dit is afwykings in woordgebruik om groter krag aan skryfwerk te verleen, bv. inversie, simbool, karikatuur, onomatopee/klanknabootsing, ironie, kontras, spot, satire, sarkasme, antiklimaks, klimaks, eufemisme, hiperbool, woordspeling, metonimia, onderbeklemtoning, elisie. Ter verryking: oksimoron, humor, litotes, paradoks, sinestesie, antitese, sinspeling.*

# ANTIKLIMAKS

*Wanneer iets wat belangrik is, omswaai na iets nietigs, gewoonlik met 'n komiese, betekenislose of omslagtige effek. Voorbeeld: My seun, wees getrou aan jouself, jou ouers, jou naaste en – jou hond.*

# KLIMAKS

*(Ook hoogtepunt). Die opwindendste, effektiefste of belangrikste deel van die gedig se "storie". Dit is nie noodwendig aan die einde van die gedig nie.*

# ELISIE

*Wanneer ’n klank of klanke uit ’n woord weggelaat is, bv. hy’t in plaas van hy het. Dit bevorder rym en ritme of versnel die leestempo van die gedig.*

# EUFEMISME

*Die woord of idee word versag om nie mense se gevoelens seer te maak nie, bv. lang vingers hê ('n sagte manier om na diefstal te verwys).*

# HIPERBOOL

*Doelbewuste oordrywing, om iets groter voor te stel as wat dit werklik is. Ek het die heel week nie ’n oog toegemaak nie, so bekommerd was ek.*

# IRONIE

*Woordgebruik waarmee 'n mens die teenoorgestelde sê van wat jy bedoel/verwag.*

# KARIKATUUR

*’n Oordrewe uitbeelding (geskrewe of visueel) van ’n karakter deur die spot te dryf met persoonlike karaktertrekke of voorkoms; spotprent, spotbeeld, spotfiguur.*

# KONTRAS/ANTITESE

*Twee dinge met teenoorgestelde betekenisse/eienskappe staan teenoor mekaar. Voorbeeld: Die lief en die leed van ons gesin gryp mense se verbeelding aan.*

# METONIMIA/OORNOEMING

*Twee sake of begrippe wat met mekaar in verband staan, word in verband met mekaar gebring. Voorbeeld: Die pen is magtiger as die swaard (die skrywer het meer mag as die vegter).*

# ONOMATOPEE/ KLANKNABOOTSING

*Die gebruik van woorde om klanke na te boots. Voorbeeld: Doef, val die sponskoek op die vloer.*

# SARKASME

*Om op ’n skerp, bytende manier met iemand te spot en seer te maak. Voorbeeld: Hy het net soveel gesonde verstand soos ’n kreef.*

# SATIRE

*Om op spottende manier na die verkeerde dinge in die samelewing te verwys.*

# SIMBOOL

*’n Voorwerp of beeld word gebruik om ’n groter idee of gedagte voor te stel wat ’n dieper betekenis het bv. ’n Kruis = Christendom.*

# WOORDSPELING

*'n Woord of uitdrukking met meer as een betekenis word gebruik sodat al die betekenisse inpas.*

# SINSPELING (VERRYKING)

*Daar word vaag na iets verwys sonder om dit uitdruklik te noem. Voorbeeld: Hy het ’n Midaservaring gehad (hy het ’n baie goeie/positiewe ervaring gehad).*

# SINESTESIE (VERRYKING)

*Die prikkel wat bedoel is vir een sintuig word deur 'n ander sintuig waargeneem bv. silwer stemme (die oë sien die silwer en die ore hoor die stemme).*

# PARADOKS (VERRYKING)

*'n Stelling wat 'n skynbare teenstrydigheid bevat. Voorbeeld: Stilbly is 'n antwoord.*

# OKSIMORON (VERRYKING)

*Twee teenoorgestelde begrippe hou direk verband met mekaar bv. siende blind en horende doof.*

# LITOTES (VERRYKING)

*’n Stylfiguur waarby iets verklein word om die betekenis of bedoeling beter te laat uitkom. Voorbeeld: Jou werk is nie juis hoogstaande nie (= dit was eintlik swak).*

# HUMOR (VERRYKING)

*'n Lagwekkende, grappige uitdrukking.*

# RETORIESE MIDDELS

*Middels soos pouses en herhaling wat deur 'n digter gebruik word om die leser doeltreffend te oortuig.*

# HERHALING/REPETISIE

*Dieselfde woord(e) of idee word oor en oor in dieselfde gedig gebruik.*

# POUSE/RUSPUNT

*’n Leesteken word gebruik om ’n pouse in die ritme van ’n gedig aan te dui.*

# DIKSIE/WOORDKEUSE/ TAALGEBRUIK

*Digters gebruik gepaste, beskrywende en stemmingsvolle woorde, frases en uitdrukkings in hulle digkuns. Die woordkeuse pas by die tema van die gedig. Diksie kan die houding van die spreker openbaar en kan met die toon in verband gebring word.*

# TOON

*Die toon van 'n gedig word deur die woordkeuse van die digter geopenbaar. Die digter kan deur slim woordgebruik 'n positiewe of negatiewe toon skep.*
*Die toon kan vreugdevol, hartseer, speels, kwaad, ens. wees.*

# STEMMING

*Dit is die atmosfeer of emosie in geskrewe tekste, bv. vergesog, melankolies, vreesaanjaend, misterieus, gefrustreerd, romanties, somber, sentimenteel, gelukkig, depressief of opwindend.*

# EMOSIONELE RESPONS

*Dit is die leser se reaksie op ’n gedig.*

# DIGSOORTE

*Gedigte word ingedeel n.a.v. die aard daarvan, bv. liriese, epiese en dramatiese gedigte.*

# EPIESE GEDIG

*Dit is ’n verhalende gedig.*

# LIRIESE GEDIG

*Dit is ’n gedig wat klankryk is, baie ritme en herhaling het en wat dikwels as ’n lied gesing word.*